## 2018 Victoria – Wes Landbougenootskap Skou – ONDERNEMING en VRYWARING BY INSKRYWING

1. Alle vertoners moet opbetaalde lede van die Sub-unie wees waarin hy/sy woonagtig is.
2. Vertoners in Amateur Klasse moet goedgekeurde SAASU lede wees en <u>bo 18 jaar.</u>
3. Afskrifte van Registrasie Sertifikate van Junior perde en afskrif(te) van kind(ers) se ID moet beskikbaar wees by skou.
4. Veeartsbehandelingsertifikate sal in ooreenstemming met die Dwelmreëls, by die kantoor waar die inskrywings gedoen word/nommers afgehaal word, ingehandig word.
5. Vertoners is aanspreeklik vir enige skade waarvoor hulle of hul inskrywers, helpers of gaste verantwoordelik mag wees.
6. Die komitee sal optree teen vertoners wat inmeng met die beoordelaar of beoordeling en die gepaste sankies toepas. Die beslissing van die beoordelaars is finaal.
7. Die komitee behou die reg om veranderings aan te bring van tye en die orde van die program en om enige klasse waarin daar te min perde ingeskryf is te kombineer
8. Alle persone skou op eie risiko, die Saalperdgenootskap, Subunie en Skougenootskap aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige verliese van, of skade berokken aan persone, perde, voertuie of toerusting of enige ander verlies of skade van welke aard ookal nie.
9. Alle klagtes moet skriftelik by die skoukantoor ingedien word. 'n Fooi is betaalbaar vir elke klag wat ingedien word.
10. Die amptelike stel reëls is dié in Engels wat beskikbaar is op die Genootskap se webblad: http://www.studbook.co.za/Society/saddlehorse/index.php?p=24

*By die ondertekening van hierdie inskrywingsvorm, onderwerp die Inskrywer wie se naam op die vorm verskyn, hom/haar, die stalle namens wie hy/sy inskryf, sowel as die vertoners onder hom/haar ingeskryf, aan ALLE reëls en regulasies van die Saalperdtelersgenootskap en van die Subunie, die Skoureëls en regulasies asook die Tug- en Dwelmreëls, selfs en ongeag of hy/sy of iemand anders die Vrywaringsvorm namens hom/haar geteken het, of nie. Dat die inskrywer geag word die Verantwoordelike persoon te wees, en persoonlik verantwoordelik geag word vir die stal, besigheid en/of maatskappy/bk wat op die Inskrywingsvorm vermeld mag word.*

Hiermee verklaar ek, dat ek as die Verantwoordelike persoon, sal toesien dat ekself sowel as vertoners onder my ingeskryf, die reëls noukeurig sal nakom, goeie gedrag teenoor die Skou en Subuniebestuur, skou- en terreinpersoneel, amptenare, beamptes, beoordelaars, mede-vertoners en publiek sal openbaar, en vertroud is met die inhoud van die algemene inligting aan my verskaf. Dat die perde wat ingeskryf is, ten volle geregisteer is en ingeskryf is op sodanige geregistreerde naam, dat perde/ruiters (waar van toepassing) in die korrekte ouderdomsklasse ingeskryf is en dat die persone wie ingeskryf is, opbetaalde lede van hul Subunies is; en dat ek sal toesien en onderneem om die Vrywaringsvorm te onderteken, asook dokumente deur die Dwelmveearts aangebied word, te onderteken.

**<u>Besonderhede van Inskrywer/Verantwoordelike persoon</u>**

Inskrywer:______________________________ Handtekening______________________

Datum: ________/________/2018

Selfoonnr:______________________ Eposadres:______________________________